

Mnr. Trevor Manuel se artikel wat in Die Burger verplasing

Die ANC herdenk op 8 Januarie sy vier-en-negentigste verjaarsdag. 'n Goeie grondslag is deur die stigters gele vir 'n sterk organisasie wat gebind sal bly deur 'n waardestel.

Een van die sameroepers van die konferensie te Bloemfontein op 8 Januarie 1912 was Pixley ka Isaka Seme. Hy skryf ter aanmoediging in 'n artikel op 24 Oktober 1911 soos volg,

“ Ons is die laaste onder die nasies (volkere) van die aarde om die onskatbare juweel van samewerking te ontdek; daarom dan ook dat die groot skatte van beskawing die minste onder ons bekend is vandag. Ek herhaal: samewerking is die sleutel en die wagwoord wat die deur ontsluit, die ewig-durende deur wat tot vooruitgang en nasionale sukses lei. Die grootste sukses sal voorkom wanneer die mensdom geleer het om saam te werk, nie slegs is eie huis en haard nie maar met alle mense en met die ganse rykdom van lewe.”

Dit is die tradisie, met sy klem op samewerking met almal, wat soos 'n sterk aar deur die ANC se lewe vloei. Aanvanklik, was die die strategie gemik op die uitgeslote mense, die wat Mnr Seme in dieselfde artikel, “al die donker rasse” noem. Metertyd, en veral sedert demokrasie val die klem gedurig op nie-rasisme.

As mens terugkyk oor die politiek van die laaste vier-en-negentig jaar, is dit opvallend dat die ANC oor die tydperk, nieteenstaande die feit dat dit vir dertig jaar ondergronds gedryf is nie,gedurig groei. Ander politieke organisasies is lank uit die visier – of net afgestorwe of met ander partye saamgesmelt; die afstigters het hier en daar vir 'n rukkie gevlam, maar al wat oorbly is nou net klein hopies as. Die ANC hou aan groei.

Die redes hiervoor is gedeeltelik tradisie en grootendeels leierskapsgehalte. Ons tradisie word gekenmerk deur die viering van belangrike gebeurtenisse in die ANC se geskiedenis.

Verlede jaar het ons die vyftigste bestaansjaar van die Vryheidshandves gevier. Ons klem vir die viering was gebaseer op die openingswoorde van die handves, Suid Afrika behoort aan almal wat die land bewoon.

In die jaar wat voorle sal ons ook heelparty ANC herdenkings vier. Eerstens is dit eeufees van die Bambatha Rebelle – vroeë Suid Afrika se “Boston Tea Party” gemik op, “geen belasting sonder verteenwoordiging”. Alhoewel dit nie in die noue sin 'n ANC veldtog was nie, het dit daartoe gelei tot die stigting van die “South African Native National Congress”.

Hierdie jaar sal ons ook die vyftigste herdenking van die optog van ANC vroue teen die paswette op 09 Augustus vier. Die rol van vroue is nie net 'n blik uit die

verlede nie. In vandag se politiek is die klem natuurlik op 'n nie-seksistiese Suid Afrika ter herdenking van die heftige rol wat ons moeders speel. Suid Afrika het tans een van die wereld se hoogste persentasies van vroue verteenwoordiges in parlement. Hierdie jaar sal ons dit nog versterk. 'n Besluit is reeds geneem dat vyftig persent van die ANC se raadslede vrouens sal wees.

Derdens sal ons ook op 16 Junie die dertigste herdenking van die Soweto opstand vier. Die rol van jeug in die samelewing is uiters belangrik. Vir ons is dit 'n geleentheid om te herdenk die rol van jong mense, beide in opstand en in die versterking van die ANC na die moeilikste tyd na die repressie van die jare sestig.

Maar, herdenkings handel oor die verlede. Belangrik soos dit is, en belangrik ook dat ons gedurig die nageslagte laat verstaan presies hoe glorieryk daardie verlede was, dui dit nie altyd die toekoms aan nie. Die lewe van die ANC moet ontleed word om te verstaan hoedat die rol van die kollektiewe leierskap gedurig 'n verskil gemaak het om die lidmaatskap geloofsvertrou te gehou het. Daar was in die lewe van die ANC baie moeilike besluite wat geneem moes word, waaronder ons die oorskakeling na die gewapende stryd; die besluit vir onderhandeling en die staking van die gewapende stryd sal intel. Daar sal nog in die toekoms moeilike tye wees waar die besluitneming en die waardestel van die ANC getoets sal word – en as dit gebeur moet ons, as leierskap verseker dat, soos in die verlede, verstandigheid sal seevier.

Die skakeling tussen verlede en toekoms is van uiterse belang. In die ANC geskiedenis kan ons ook teruggaan na die skrywes van reuse soos die bogenoemde Pixley ka Isaka Seme teekom. Hy skryf in dieselfde artikel waarna ons vroeër verwys,

“ Die South African Native Congress is die stem in die wildernis wat al die donker rasse van die sub-kontinent oproep om een of twee keer per jaar bymekaar te kom sodat bestek geneem kan word van die verlede; en al die dinge wat ons vooruitgang belemmer het, verwerp kan word – daardie dinge wat die fonteine van ons nasionale lewe en deugde vergiftig; sodat ons die sondes van beskawing kan uitken en aandui; en sodat ons as lede van een huishouding hardop kan praat en dink oor die probleme in ons huishouding en die oplossings daarvoor.”

Wat vir ons as Suid Afrikaners voorle is die verkiesings vir plaaslike regering op 1 Maart. Dit is uiters belangrik dat die ANC seevier en dat ons daarna deur die meesgesogde raadslede bedien word. Dit word nou wyd aanvaar dat gewone Suid Afrikaners slegs demokrasie in hul alledaagse lewens sal aanvoel mits ons plaaslike regering met dieselfde durf kan aanpak wat ons tans op nasionale vlak geniet. Dit is vir ons, in die ANC, die belangrikste taak van 2006. Ons moet alle Suid Afrikaners aanmoedig om “as lede van een huishouding hardop” oor plaaslike regering te gesels. Terselfde tyd aanvaar ons dat dit ons plig as die ANC is om die sirkel van demokrasie te sluit, dis ons plig om te verseker dat die

aar van tradisie en leierskap sterk op plaaslikeregeringsvlak vloei. Ons nooi alle Suid Afrikaners om ons te help sodat demokrasie kan aanhou wen.

Einde